# 11. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Hagar en Ismael in die woestyn – Genesis 21:1-22

Toe die tyd kom vir Abraham en Sara om die seuntjie te hê soos God belowe het, het hulle hom Isak genoem soos God gesê het.

Jare vantevore, toe Abraham en Sara gedink het dat hulle nie 'n seun sou hê nie omdat hulle al so oud was, het hulle gereël dat haar slavin, Hagar, vir Sara 'n seun moes kry.

Isak het groter geword. Een keer op Isak se verjaarsdag het Abraham-hulle 'n partytjie gehou. Hagar, die slavin van Sara, en haar seun Ismael was ook daar. Ismael het met Isak gespot. Toe Sara dit sien, het sy baie kwaad geword. Sy het vir Abraham gesê: "Jaag dadelik hierdie vroumens en haar kind weg. Haar seun mag in elk geval niks saam met my seun Isak erf nie!"

Abraham kon dit nie oor sy hart kry om dit te doen nie. Ismael was mos ook sy seun. Maar die Here het vir hom gesê: "Moenie bekommerd wees nie. Ek sal ook vir Ismael sorg, want hy is ook jou kind."

Vroeg die volgende oggend het Abraham bietjie brood en 'n waterbottel gevat. Hy het dit saam met Ismael op Hagar se rug gesit en haar weggestuur. Hagar het in die woestyn in gegaan. Die water in die bottel was sommer gou-gou op. Hagar het Ismael onder 'n doringbos neergesit. Sy het 'n entjie daarvandaan gaan sit. Sy het gedink: "Ek wil tog nie sien hoe my kind van die dors doodgaan nie." Sy het begin huil. Die Here het haar hoor huil en na haar geroep: "Hagar, wat is fout? Moenie bang wees nie. Ek het gesien jou seun kry swaar. Staan op, tel die kind op en troos hom. Ek sal hom nog die pa van 'n groot familie maak."

God het Hagar se oë laat oopgaan. Sy het skielik 'n put raakgesien. Sy het die bottel weer vol water gemaak en vir Ismael laat drink. God was by Ismael. Hy het groot geword. Hy het in die woestyn gebly en kon goed met die pyl en boog skiet. Sy ma het hom uiteindelik met 'n Egiptiese vrou laat trou.

## 11. Hagar en Ismael in die woestyn – Genesis 21:1-21

**Inleidende aktiwiteit: Soek en vind**

Steek 'n glas water weg in die vertrek. Laat die lede van die gesin soek vir die water. In plaas daarvan om "Jy is warm" of "Jy is koud" te sê soos wat hulle nader of verder van die regte plek is, kan jy sê: "Dis nou lekker water" (naby) of "Jy is steeds dors" (ver).

**Vra:**

- Wat is julle gunsteling ding om te drink wanneer dit baie warm is of as julle kos baie sout was?
- Hoe sal julle 'n woestyn beskryf? (Dit is baie droog en baie warm. Dit kry nie baie reën nie.)
- As julle vandag moes pak om deur die woestyn te trek vir 'n week, wat sal julle als pak?

Vandag gaan ons saam met Hagar en Ismael trek deur die woestyn. Julle weet dalk nog nie wie hulle was nie, maar ons gaan nou saam uitvind en ook wat met hulle op hulle reis gebeur het.

Lees nou saam die Bybelstuk – Hagar en Ismael in die woestyn

**Vrae:**

1. Wat was die name van Abraham se twee seuns? (Ismael en Isak)
2. Wat was Ismael se ma se naam? (Hagar)
3. Wat was Isak se ma se naam? (Sara)
4. Hoekom het Sara vir Abraham gesê om Hagar en Ismael weg te jaag? (Ismael het vir Isak gespot en Sara wou nie hê dat Ismael saam met Isak moes erf nie.)
5. Hoe het Abraham gevoel oor wat Sara gesê het? (Hy was ongelukkig, hartseer, dit was verkeerd is sy oë.)
6. Wat het God in die woestyn vir Hagar en Ismael gedoen? (Hy het Hagar se oë oopgemaak dat sy die put sou sien; God het belowe om Ismael 'n groot nasie te maak.)
7. Wanneer jy bid, glo jy dat God jou hoor?

**Aktiwiteit:** Gee vir elkeen 'n blaai en 'n pen/potlood. Skryf nou elkeen 'n persoonlike gebed aan God oor iets waarmee jy hulp nodig het. Gee genoeg tyd vir hulle om die gebed te skryf. Niemand hoef hulle gebed te deel nie, maar indien iemand wil, kan julle luister soos hulle dit lees. Elkeen hou hulle blaai met gebed by hulle. Hulle kan soveel maal as wat hulle wil die gebed vir God lees elke dag.